

Onse B'bos gemaak en so gelos

'En die aarde was woest en leeg ... So ook die omgewing waar Baardscheedersbosch vandag geleë is,' skryf Eben Benade in sy lywige boek oor dié klein plek in die Overberg. Dis 'n samelewing wat volgens Benade deur familiebande ontstaan en op verdeelde erfgrond 'n hegte gemeenskap gesnoer het. **SAMARIE SMITH** het gaan kuier.

Ek wonder al lank oor Baardskeedersbos ... sedert ek sowat sewe jaar gelede van Napier 'n kortpad see toe gesoek het.

Nou is daar nog meer restaurante, die wilde Baardskeedersbos-orkes én die kunsroete wat al hoe meer besoekers lok.

En as jy wil weet hoe die dorp ontstaan het, of ten minste na een ingeleurde weergawe soek van hoe die plek sy naam gekry het, is Marietjie's Pub & Grill 'n goeie beginplek.

KROEGPRAATJES

Die restaurant en kroeg is donker binne. 'n Paar mense sit met 'n drankie en 'n sigaret in die hand, oë vasgenael op die TV-skerm. Hulle kyk *7de Laan*. Dis die einste Marietjie (Uys) wat ontstaan om ons bestelling te neem. Haar persoonlikheid is lewensgroot, "iemand wat alles weet, van skaapslag en ploeg tot kosmaak; 'n vrou met 'n groot hart".

"Nee, jong, niemand drink wyn hier nie. "Miskien die kunstenaars, maar vir die res is dit brandewyn en Coke. Of jy bring jou eie wyn."

Die plafon en mure is met allerlei versamelgoed versier: ou melkkanne, ploegimplimente, skale, gereedskap.

"... goeters wat ek vanaf kinderdae bymekaargemaak het," help Uys die dwalende oë reg. "Dinge wat die oumense daardie jare gebruik het. Mense spot en verwys na my plek as die museum op die dorp. Dis seker hoekom ons so goed inpas. Ons is ook oudhede!"

Uys is in 'n huis om die draai gebore en het op 'n plaas in B'bos grootgeword. Daar in die klowe geklouter. Vroeër het sy in die Strandveld-kroeg in die dorp gewerk; dieselfde gebou waar sy skoolgegaan het.

"In 1994 is die grond van die oorspronkli-



Die algemene handelaar en drankwinkel ... Op verskeie maniere die middelpunt van B'bos. Dié twee donkies, wat besoekers met hul speletjies vermaak, probeer hard om die kollig te steel. FOTO: SAMARIE SMITH



Die kerk in B'bos se klok. Hy vier volgende jaar sy 90ste bestaansjaar.

ke 'Baardscheedersbosch'-plaas eers in erwe opgesny en kon buitewereldse inkom."

Maar met 'n naam soos Baardskeedersbos moes die stories mos uitkring – van Jan van Riebeeck se ekspedisies in die 1660's toe hulle met die haarskeerder-"spinnepoppe" (oftewel rooiromans) te doene gehad het en toe kapt. Olaf Bergh van die Verenigde Oos-

Indiese Kompanjie in 1682 die stranding van 'n Engelse vragskip in die omgewing moes ondersoek en ook die rooiromans daar ontdek het.

In die volksmond word dit toe Baardskeedersbos.

"Ons praat van B'bos. Maar ag, daar is baie stories," vertel Uys.

En van die "spinnepop" wat mense se hare in die nag afvreet tot Vic Channer, nog 'n B'bos-inwoner, se verhaal van 'n verdwaalde Engelsman.

"In die 1700's het 'n Engelsman deur die bosse op die plaas aangekom nadat hul boot by Pearly Beach gesink het. Die langbaardboere het hulle flou geskrik vir die skoon geskeerde gesig. Maar toe hulle sy skeermes sien, het die boere hom 'n stuk grond belowe as hy hulle só skoon kon skeer."

Channer woon reeds 27 jaar in B'bos en maak gerookte vis, "wat so lekker proe dat jou voete vuiste maak".

SOPSTORIES

Die aand eet ons by mense in die dorp, Helena en Albert Swart, en Elsabé en Carel van der Merwe van Oosterlig-olywe kuier saam.

Laasgenoemde deel die mite van die Hollanders wat doerie jare die nag in 'n holkrans geslaap het en hoe hul baarde deur 'n

vlermuis aan mekaar gevleg is. "Volgens die verteller moes die Khoisan-leier die twee – 'n lange en 'n korte – met 'n geroeste mes lossny," vertel hy.

Maar dit was Philip Fourie wat in 1806, sover bekend, die eerste permanente eienaar van B'bos geword en nie minder nie as 15 kinders daar gehad het. Met geen beskikbare bewoonbare plase nie, moes almal 'n heenkome – met hul huweliksmaat en al – op B'bos vind, leer ons verder in Benade se boek.

'n Heerlike vissop prut op die stoof en die Swarts sit hul eie, tuisgemaakte arles-wors as peuselhappies voor. Gemaak volgens die Franse resepte, maar net van springbok en vark.

KLOOFVERHALE

Albei egpare het om dieselfde rede in B'bos geland: Uit die behoefte aan 'n landelike omgewing en om nader aan die aarde te lewe.

"En as jy nou stad toe ry, sien jy hoe alles onder 'n bruin kombes lê. Dan mis ek my olyfbome," vertel Van der Merwe. "Ons maak nou wel op klein skaal olie en olywe, maar dis genoeg om ons te herinner waaroor die lewe gaan."

Vervolg op bl. 4



Kali van der Merwe. Sy produseer surrealistiese werke met haar fotografie waarin sy haarself en die fynbos waarvoor sy so lief is, kreatief en kleurvol belig.



Joshua Miles ... Eers was dit skilderye wat brood op die tafel gesit het, maar nou geniet en bemeester hy die fyn kuns van houtsneewerk.



Dié voëlverskrikker ontvang jou met ope arms by Marietjie's Pub & Grill.

Van bl. 3.

Slaaptyd in die kloof en dis pikdonker. Die wind huil onderdeur die deur, maar as jy vrede gemaak het met die geluide word jy rustig en stil by die vuur.

Gelukkig hoor ons eers die volgende dag die storie van die kind wat 80 jaar gelede daar tussen die strandwolwe weggeraak het. Die mense kon glo jare daarna nog 'n kind in die kloof hoor huil en mettertyd het dit die stem van 'n volwasse man geword.

Maar ondanks die spookstories is Die Kloof 'n pragtige en gerieflike selfsorg-wegbreekplek in die middel van nérens.

KUNSROETE

B'bos roem hom op sy unieke kunsroete. Dit het 'n instelling geword wat drie keer per jaar gevier word. Besoekers kry dan die geleentheid om verskeie kunstenaars by hul huis te ontmoet wat dan ook as 'n uitstalluimte gebruik word.

Joshua Miles en sy gesin lyk sommer net gelukkig; of dit presies die lewe is wat hulle vir hulself voorgestel het. Sy unieke houtblok-afdrukke vertel die verhale van Kaapstad en die natuur.

"Mense spreek my altyd in Engels aan as gevolg van my naam. Maar ek was 'n kringleier en Voortrekker en ek het altyd geweet ek wil 'n kunstenaar word."

Volgens hom word die kunsroete elke jaar net beter.

"Dan kan ek besoekers innooi, wyn skink en vir hulle verduidelik wat ek doen."

Hy het ook besondere wynetikette met sy houtsneewerk ontwerp.

"Ek maak kuns wat vir my mooi is. Dis so eenvoudig soos dit."

Niel Jonker is 'n opgeleide beeldhouer wat oor die grense van teken, skilder en beeldhou heen werk en alles as deel van die proses saamsnoer. Sy onderwerpe kom uit die onmiddellike omgewing; voorwerpe in sy lewe.

"Maar ek werk volgens die klassieke beginsels en ek eerbiedig kunsgeskiedenis."

Hy bied ook een keer per maand 'n broodbak-werksessie aan waar mense die basiese beginsels van broodmaak kan leer.

En Kali van der Merwe teken weer met lig. Sy en 'n Kaapstadse vriendin het huise geruil en nou is sy halfafgesonder, omring van die natuur en fynbos, die onderwerp van haar fotografie.

PLATBOS, HEIDEHOF EN FARM 215

Buite B'bos wag die fynbos-juwele.

Platbos lê in die heuwels van die Baviaan-spoot op die Grootbos-pad wanneer jy B'bos verlaat. Dit is die mees suidelike inheemse bos in Afrika; met bome soos witstinkhout, hardepeer en witpeer. Volgens die eienaar, Francois Krige, maak indringerplante, landbou en veldbrande dit baie moeilik vir 'n natuurlike bos soos hierdie om te kan voortbestaan.

"Die woud is in die verlede uitgekap vir huise, waens en brandhout. Die idee is om die natuurlike bos te hervestig en om in my leeftyd te sien hoe die bos groei."

Hulle bied ook verskeie werksessies en staproetes aan. En besoek gerus hul webwerf om meer oor die besondere boom-ekstrakte te leer wat sy vrou, Melissa, maak.

By Heidehof wag 'n totale ander omgewing op 'n mens. Daar wy Mathia Schwegler haar lewe aan fynbos en sy medisinale gebruike. Die plaas is sowat 200 ha groot en strek oor die koppies tot by B'bos.



Niel Jonker doenig in sy ateljee. Hy werk in verskeie media, maar dis veral sy klassieke bronswerke, en die proses wat hy volg, wat fassinerend is. FOTO: SAMARIE SMITH



Die Kloof, 'n ideale wegbreekplek op die platteland so onder die eikebome. Verskeie paadjies bied toegang tot die kloof.

"Ons het die plek vir die skoonheid daarvan gekoop; sonder om regtig te weet wat ons daarmee gaan doen," vertel sy. "My hart het so hard begin klop toe ons oor die berg B'bos toe gery het. Ons motor het in die sandpaaie vasgeval en ons moes stap, maar ek was oortuig ons hoort hier. Veral met my grootste liefde: plante."

Besoekers kan saam met haar deur die reservaat loop sodat sy oor die gebruike van die onderskeie fynbosplante kan gesels.

Wilde geranium vir die maag, khoigoed vir bloeddruk en wilde aspersie om jou niere skoon te maak. Daar is selfs fynbos wat sterk genoeg is om tou van te kan maak.

"Alles is in die natuur – van jou apteek tot 'n ysterwarewinkel," verklaar Schwegler.

Haar fynbos-rome kan net op die plaas gekoop sodat die varsheid daarvan verseker kan word, voeg sy by.

Net oorkant Heidehof lê die fynbos-gasteplaas Farm 215. Die ontwerp skakel by die omgewing in; nooi die uitsig deur groot vensters binne en steun volhoubare toerisme en omgewingsprojekte. Van die lang swembad is daar 'n uitsig oor die wingerde van Lomond, waar druiwe van unieke terroir geproduseer word.

Dit is 'n sonderlinge omgewing. Martin Groos het Farm 215 gekoop toe hy 'n sabbatsjaar geneem het, maar die plek het onder sy vel ingekruip. Die African Horse Company se roetes begin en eindig daar.

Goed om te weet

■ Maak seker jy is goed honger voordat jy by Marietjie's Pub and Grill vir die B'bos-ontbyt vir twee aansit: spek, eiers, tjijs, slaai en voet lange boerewors teen R90.

■ 'n Nag in Die Kloof se selfsorghuis, wat groot genoeg vir twee paartjies en 'n paar kinders is. Dit kos tussen R400 en R600 per nag na gelang van die seisoen.

Bel Alca Beukes by ☎ 079 525 1307

■ Besoek www.platbos.co.za en leer meer oor hul inisiatiewe om die inheemse bos te beskerm en te rehabiliteer. Platbos, Serendepity Africa en Farm 215 is deel van Trees for Tourism. Besoek www.treesfortourism.co.za vir meer inligting.

■ Loer by www.baardskeerdersbosartroute.com vir nader besonderhede oor die volgende kunsroete in Januarie.

■ Baardies bied 'n driegangete teen R75, bv. met blomkoolsop, wildspastei en koek.

Dit is ook 'n kunsgalery en 'n afsetplek vir plaaslike wyne. Skakel ☎ 073 210 6125.

■ Vir nader inligting oor Niel Jonker se maandelikse broodmaakslypskole, skakel ☎ 082 651 7414.

■ Vir luukser verblyf; met groot glasvensters wat die natuur inlok, besoek die Farm 215-gasteplaas-en-fynbosreservaat. Skakel ☎ 028 388 0920 om 'n besoek vooraf te reël of besoek www.farm215.co.za.

■ Die Van der Merwes wat die Oosterlig-olywe maak, verhuur ook 'n selfsorghuisie in die dorp met plek vir vier mense.

Skakel ☎ 028 381 9120.

Die roete

Die dorpie is sowat 20 km oos van Gansbaai en 18 km wes van Elim op 'n grondpad wat Gansbaai met Bredasdorp verbind. Die maklikste is om deur Hermanus in die rigting van Gansbaai te ry en dan by Grootbos regs te draai. Volg die pad, wat later 'n grondpad word, tot by 'n T-aansluiting. Draai daar regs en volg die pad tot in Baardskeerdersbos.